LAEVELD AGROCHEM

Ons gekwalifiseerde landboukundiges, wat ondersteun word deur 'n groot span tegniese spesialiste, het die kennis en kundigheid om met die volledige spektrum van gewasbeskerming, grondoplossings en plantvoeding die beste advies te gee.

Laeveld Agrochem verseker opbrengs-optimalisering volgens elke produsent se spesifieke behoeftes.

Een van die hoekstene van Laeveld Agrochem se sukses is vennootskap. Vir ons is dit meer as net 'n mooi woord. Vennootskap is 'n aksie wat ons deur dik en dun toepas; 'n belofte wat ons nakom – van die eerste foonoproep tot die laaste besoek.

AREA: Delmas en omgewing

Hendrik (Swannie) Swanepoel

Hendrik het in die Delmas-omgewing grootgeword en aan Hoërskool Delmas gematrikuleer. Hy bly na al die jare steeds in die lekker boeregemeenskap.

As jong seun het hy saam met sy gesin op 'n kleinhoewe net buite die dorp gebly. Sy pa het 'n padstal direk langs die grootpad gehad, waar hulle meestal groenmielies en sekere groentegewasse verkoop het wat hulle self verbou het. Dit is hier waar sy passie vir die landboubedryf ontstaan het. Hy was meer op die trekker as by die huis, al was dit net om nog 'n laaste draai te gaan ry.

Na skool het Hendrik vir twaalf jaar by twee boere in die omgewing gewerk. Hulle het hoofsaaklik mielies en sojas geplant en hy het waardevolle kennis van boerdery in hierdie tyd opgedoen. Die gewasse is redelik wyd uitmekaar geplant, wat hom vroeg blootgestel het aan die verskillende toestande wat in een omgewing kan voorkom.

Hy het later besluit om 'n CropLife-kwalifikasie (ACVASA) te voltooi om homself in boerdery te verbeter en om seker te maak alles rakende onkruiddoder word reg toegepas.

Hendrik is mal oor jag en kampeer. Indien hy die geleentheid kry om te kampeer, sal 'n mens hom ongetwyfeld by 'n kampterrein iewers diep in die bos kry. Dit is hier waar hy en sy vrou die stilte van die natuur geniet. Volgens hom sou niks sonder haar ondersteuning moontlik wees nie en stap hulle 'n wonderlike pad saam. Hulle is nou baie opgewonde oor hul dogtertjie wat hul lewens werklik kom seën het.

Hy gaan homself in die omgewing van Devon, Balfour, Greylingstad, Nigel en Heidelberg daarop toespits om 'n verskil in elke landbouer se boerdery te maak – met sy fokus hoofsaaklik op mielies en soja.

Saam met Laeveld Agrochem se span, wil hy 'n verskil maak op elke plaas. Laeveld Agrochem beskik oor 'n wye verskeidenheid veldkundiges, van landboukundiges tot persone wat in plantvoeding spesialiseer. Agri Technovation staan hulle ten nouste by om alles rakende grond aan die boer voor te lê.

Hendrik glo hulle maak 'n groot verskil omdat hulle nie sommer net enigiets sal aanbeveel sonder dat hulle hul huiswerk deeglik gedoen het nie.

"Sterkte aan al ons boere vir die nuwe seisoen. Mag ons saam nog lank in hierdie pragtige land van ons boer," sê hy. ***Saam boer ons vooruit!***

GEWASSE: Mielies, soja

AANBIEDING: Oes-beskerming, plantvoeding, presisiedienste

Vir professionele advies: Tel: 079 494 0125 E-pos: swannie@laeveld.co.za